# DIE HEERLIKHEID VAN DIE WOORD VAN GOD.
# IN SY SEKERHEID.

Dit is die opskrif van 'n lesing gehou op die 2e Calvinistiese Konferensie te Grand Rapids, Michigan, Noord-Amerika, deur Dr. H. J. Ockenga. Aangesien dit van soveel betekenis is vir ons Calviniste hier in Suid-Afrika, wil ek dit graag in die kolomme van „Koers" vir ons lesers aanbied. Die lesing is oorspronklik in Engels gehou en word hier vryvertaald weergegee in 'n paar afgeslote artikels, allereers oor die sekerheid van die Woord.

Johannes Calvyn stel vas, aldus Dr. Ockenga, dat ons nie vas kan staan in die geloof op die stuk van „die gesag van die Skrif" nie, tensy ons vooraf ondubbelsinnig oortuig is van die feit *dat God die Oouteur van die Skrif* is. Die oorsprong van sulke oortuiging moet gesoek word in iets hoër as in menslike bewysvoering, oordeelvellinge of konjekture,—en wel in niks minder as in die verborge getuienis van die Heilige Gees nie, want aangesien God alleen die genoegsame getuie van Homself in Sy eie Woord is, so sal die Woord ook nooit geloofwaardig word vir die menslike hart, vóór en aleer dit ook bevestig word deur die interne getuienis van die Heilige Gees nie. Want, sê Calvyn, die Heilige Gees is

die onderpand en seël tot bevestiging van die geloof van die godsaliges. Dit is dus noodsaaklik dat dieselfde Gees wat deur die mond van die profete gespreek het, ook in ons harte moet binnedring om ons te oortuig dat hulle die boodskappe, deur God aan hulle sorg toevertrou, getrou afgelewer het.

Die Goddelike gesag van die Skrif word aangevoer as die oorsprong van al ons Godskennis. Calvyn lê in dié verband verskeie primêre beginsels neer wat deur die gelowige hart geredelik aanvaar word. Ten eerste postuleer hy 'n aangebore Godskennis in die mens wat gepaard gaan met die feit dat die mens homself aanmerk as 'n *afhanklike, onvolmaakte* en *verantwoordelike* wese. So'n konsepsie van homself kannie bestaan sonder die teenoorgestelde idee, naamlik van 'n iets of iemand, waarvan sy persoon afhanklik is; van 'n norm, waardeur eie onvolmaaktheid geken word; en die idee van 'n ander-self waaraan sy eie-self verantwoording skuldig is nie. Hierdie ideë dan van persoonlike afhanklikheid, van eie onvolmaaktheid en van verantwoordelikheid aan iemand buite en bokant homself word deur Calvyn aangemerk as synde integrale dele van die leerstuk aangaande die aangebore Godskennis in die mens.

Ten tweede postuleer Calvyn die beginsel dat hierdie aangebore Godskennis verlewendig en ontwikkel word deurdat God Homself openbaar maak in die Natuur en in Sy Voorsienigheid, waarvoor niemand sy oor en oog *kan* sluit nie. God het dus volgens Calvyn nie alleen daardie Godskennis 'n integrerende deel van die mens se wese gemaak nie, maar het ook gemaak dat daardie Godskennis ontwikkel kan word uit die wysheid en krag wat uit die skepping spreek. Want, sê Paulus, God se onsigbare dinge kan van die Skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word deur die mens; naamlik God se ewige krag en Goddelikheid, Rom. 1: 20.

Die wêreld, nl. die Natuur, voer ons tot die betragting van God se Ewigheid, omdat Hy, uit Wie alles sy herkoms het, noodwendig ewig en onafhanklik van bestaan moet wees. Calvyn het nie alleen aan 'n natuurlike godgeleerdheid geglo, in die sin van wat God in die Skrif aangaande die natuur geopenbaar het nie, maar het ook geglo dat die natuur assodanig 'n openbaring (kenbaarmaking) van God is. Hoe 'n mens die 8ste, die 19e psalm, die boek Job en baie ander bybelboeke kan lees sonder geloof te slaan aan 'n natuurlike Godgeleerdheid, val moeilik te verstaan.

Tóg het Calvyn óok vasgehou aan 'n verdonkerde (benéwelde) begrip van die siel, wat sy kennis van God betref. Die subjektiewe bekwaamheid van die siel om God te ken is kennelik deur die sonde afgestomp. Derhalwe kan die mens God nie meer reg ken uit krag van sy aangebore Godskennis, of uit die boek van die Natuur en van die Voorsienigheid

nie. Die mens kan weet dat daar 'n God is en mag iets omtrent God weet, maar nooit kan hy langs die weg van sy aangebore Godskennis opklim om God self te ken nie.

Dus verklaar Calvyn, God het Homself op bo-natuurlike wyse aan sy volk geopenbaar, en het hierdie Selfopenbaring in die beskrewe Woord vasgelê. Die gesag van hierde beskrewe Woord word deur in- en eksterne getuienis, wat vir die normale verstand onweerstaanbaar is, gesteun. Kon die normale verstand die Skrifte benader, dit sou onteenseglik God se openbaring ontwaar, en sou sig ook daaraan onderwerp, maar nou is die menslike rede nie normaal nie. Die sonde het dit abnormaal gemaak. Die mens is 'n gevalle wese, is bedorwe en van die goeie beroof. Dus, alhoewel daar 'n selfopenbaring van God bestaan, tog kan die mens dit van sy kant af nie meer begryp nie.

Vandaar dat Calvyn derdens, met die oog op die geloofwaardigheid van die Woord van God, aan die leer van die noodsaaklikheid van die getuienis van die Heilige Gees in die siel van die mens vasgehou het. Hy het geglo dat dit moontlik was om deur verstandelike redenering die heilige Woord van God te handhaaf teenoor belasteraars daarvan; maar het nie geglo dat mense deur bewysvoering ooit oortuig sou kan word van die absolute gesag van die Godsopenbaring nie. Daarom het Calvyn gesê: „Die getuienis van die Heilige Gees gaan bokant alle rede uit . . . wie innerlik deur die Gees geleer is, onderwerp homself geheel-en-al aan die Skrif, erken ook die selfgeloofwaardigheid van die Bybel, as draende in homself sy eie getuienis van geloofwaardigheid. Daarom behoort hieroor dan ook nie diskursief geredeneer te word nie, aangesien die Skrif die geloofwaardigheid onder ons verkry wat dit verdien, alleen deur die getuienis van die Heilige Gees. Calvyn het die heilige Skrifte gehou vir die openbaring van God. Maar hierdie Woord van God kan deur die natuurlike mens nie verstaan word nie; want, soos ou mense of mense met slegte oë in die mooiste boek, hoewel hulle daarin iets van die geskrewe waarneem, tog geen twee woorde aaneen kan lees nie, maar, van 'n bril voorsien, wel vlot sal begin lees,—só, sê Calvyn, versamel die Skrif die anders verwarde begrippe van ons gees aangaande die Godheid, verdryf die duisternis en gee die Skrif ons 'n duidelike beeld van die ware God te sien. Volgens hom is die Skrif as bril volstrek nodig tot regverstaan van die Godsopenbaring in die natuur. Verder, die Skrif self kan in sekere sin alleen verstaan word deur die verligting van die Heilige Gees. 'n Mens het behalwe 'n bril, ook nog sien-krag nodig, soos deur die Gees van God gegee. Gevolglik het Calvyn beweer dat die één belangrike oorsprong van Godskennis in die groep geskrifte bestaan wat aan ons oorgelewer is as reël vir geloof en lewe, nl. die Woord van God. *Besondere* Openbaring was vir Calvyn slegs iets wat die Algemene Open-

baring aanvul, en wat, blykens die beeld van 'n bril, die verduisterde gesigsvermoë van die gevalle mens help en bekwaam om God te sien.

As die besondere openbaring of die Woord van God het Calvyn die afgeronde kánon van die Ou en Nuwe Testament erken met uitsluiting van die apokriewe boeke. Dit beteken dat die Skrifte uit 66 geïnspireerde boeke bestaan wat uit God se mond ontvang is deur die diens van mense. Calvyn het hierdie Skriftuurlike boeke aan 'n dubbele toets onderwerp, wat nl. bestaan het in die uitwendige getuienis van die Kerk en die inwendige inhoud van die Boek. Hy het die bybelboeke nie vir eg aangeneem omdat die Kerk aldus besluit het, of omdat sekere boeke daarin opgeneem was nie. Hy het hulle aangeneem kragtens die getuienis van die Heilige Gees. Hierdie testimonium Spiritus Sancti mag miskien die beste verduidelik word deur aanhaling uit die Skrif self, en wel uit 2 Kor. 2: „Ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was, en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid . . . God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God . . . Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie. Want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."

Die kennis van God in ons hart is dus nie afkomstig van uitwendige, besondere of algemene openbaring nie, maar wel van 'n inwendige insig, van die genadegawe, van die egte geloof van 'n begenadigde siel. Hierdie interne insig is geen toegevoegde openbaring (soos die Roomse sê) nie, maar dit is die inwendige verligting van die Heilige Gees, waardeur ons die uitwendige openbaring kan verstaan, voorhande sowel in die Natuur as in die Skriftuur. Derhalwe, alhoewel die waardigheid en inhoud van die Skrif, die oudheid van sy onderwys, die betroubaarheid van sy verhaal, die wonderlike milieu, die profetiese inhoud (reeds deur vervulling bevestig), die eeue-lange gebruik, die verseëling daarvan deur martelaarsbloed almal sake is wat spontaan getuig vir die egtheid van die openbaring en die inspirasie-leer, genoegsaam tewens om, volgens Calvyn, ook bewys te lewer vir die Goddelike herkoms van die Skrifte—tóg staan die getuienis van die Heilige Gees vér bókant dit alles uit, en is dit volstrek nodig om die siel te oortuig van die gesag van die Woord van God.

Op die deur Calvyn gestelde punt betreffende die getuienis van die Gees, antwoord die hart van die Christen: „Ja"! Dit is nie die bewysvoering van die kant van die argeologie, geskiedenis, etnologie, manuskripte en dergelike materiaal, wat ons kan oortuig dat die Bybel die Woord van God is nie—hoe belangryk argumente daaraan ontleen ook

al mag wees, om die Calvinistiese standpunt verstandelik te verdedig. Ons onderskat hulle waarde geensins, maar ons *steun* nie daarop nie. Dergelike argumente is wel genoegsaam om die Bybel-vyande se mond te stop; maar nie dérmate genoegsaam, om die sondaarshart te oortuig, sodat hy sy vertroue ook op die Skrif sal gaan stel nie. Dergelike argumente mag aan die mens alle verontskuldiging ontneem, maar hulle sal nie dáárdie innerlike verligting verskaf waardeur die siel kan oortuig word van die volstrekte gesag van die Skrif nie. Die getuienis van die Heilige Gees *moet* bykom. Hierdie getuienis werk deur *en* i.v.m. die besondere en voltooide openbaring, bestaande in die Woord van God, wat nl. die besondere instrument van verligting is, maar *kragdadige* verligting kom slegs van die Woord, as die Gees dit lewend maak *in* en *vir* die oor van die hoorder. Vergelyk die menigvuldig voorkomende Skrifterm: „Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê."

Calvyn se idee omtrent die oortuigingswerk van die Gees in die siel met betrekking tot die Bybel was dat sulke oortuiging vrug was van logiese redenering, bewysvoering ens. Dit kon derhalwe 'n op-redenering-gegronde oortuiging genoem word, liewer dan as 'n oortuiging ontstaan sonder enige redenering. Tereg word ons godsdiens 'n *„redelike"* godsdiens genoem. Rom. 12: 1; 1 Petr. 2: 2. God spreek tot ons deur middel van „woorde."

Die Christen ken God werklik, en weet ook wat die Woord van God is. Vir die eenmaal deur die Gees geredde of wedergebore siel bestaan daar volstrek geen moeilikheid meer om die Bybel as die Woord van God te erken nie. Presies soos imand wat die Seun besit, ook die getuienis daarvan in homself omdra, só besit iemand wat die Gees ontvang het, ook interne getuienis, dat die Skrifte die Woord van God is. Hierdie interne getuienis van die Gees is dieselfde as die eksterne besondere openbaring, d.i. die Bybel. Die Gees wat die Woord van God geïnspireer het, getuig ook in die hart van die gelowige. Hy besit derhalwe 'n sekerheid op grond waarvan hy kan verklaar: „Ek weet." Ter illustrasie haal Dr. Ockengaa 'n voorbeeld aan, afkomstig van prof. R. B. Kuiper. Dit betref laasgenoemde se kennis van sy eie vader. „Onderstel," sê hy, „ek hoor my vader in 'n aangrensende vertrek praat, en dat ek opeens verklaar: dit is my vader! Daarop vra iemand my: maar hoe weet jy dat dit jou vader is? waarop my wederantwoord lui: „Ek weet, omdat ek dit weet! Ek herken my vader se stem." Presies só herken die Christen ook die stem van God in die Skrifte. Die Skrifte *is* die Woord van God, en ons wil u aandag nou nader op hierdie Woord vestig, omdat die Woord vir ons bring die saligmakende kennis van God, aldus Dr. Ockenga.

Venterstad. I. D. KRUGER.